

5 Junie 2016



Rom 12:2

Gereformeerde Kerk Benoni

VANDAG SE EREDIENSTE

09:00

OGGENDIENS

Ds. Louis Buys

SKRIFLESING : Lukas 12:35-48

TEMA: *Wag ons op die Here asof ons Hom verwag?*

17:00

LOF & AANBIDDINGSDIENS

Ds. Louis Buys

SKRIFLESING: 1 Petrus 2: 15 ea

TEMA: *Waarom moet ons goeie dinge doen?*

18:30

AANDDIENS

Dr. Braam Krüger

SKRIFLESING: Johannes 17

TEMA: *Ek glo aan die kerk van Jesus.....*

HK Sondag 21 V/A 54 & 55

KNIELTYD - ONS GEE OM VIR MEKAAR

GELUKWENSINGS:

Tannie Martie, Jaap Bekker se moeder, het haar 102de verjaarsdag Maandag 30 Mei gevier. Baie geluk! Hein van Tonder gaan SA verteenwoordig by die Ope water Junior Wêreldkampioenskappe wat in Julie in Nederland plaasvind. Baie geluk Hein!

Dorel Weideman word vanoggend as Diensgroepleier vir SLAK bevestig. Sterkte met die uitvoer van die roeping.

VOORBIDDING:

Beide oom Gideon en tannie Rita Hall se gesondheid het die afgelope tyd baie verswak.

Tannie Annetjie de Klerk het die afgelope week 'n gewas laat verwyder.

Thea van Wyk is in die hospitaal opgeneem vir observasie na 'n senuwee-ineenstorting.

Oom Hannes Venter het verswak, en is steeds in die hospitaal met longontsteking.

Dian de Lange(9) moet hospitaal toe gaan vir 'n prosedure aan sy beentjies

Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

BERIGTE:

polssl@gkbenoni.co.za

WEBBLAD:

www.gkbenoni.co.za

FACEBOOK:

https://
www.facebook.com/
GKBenoni/

PREDIKANTE:

Dr. Braam Krüger
082 459 5636

Ds Louis Buys
082 927 2034

KERKKANTOOR:

Ma-Vr 08:00-14:00

Ina Bolt

011 849 2054

084 339 1136

inabolt@gkbenoni.co.za

KOÖRDINEERDER

Ronel Ritchie

011 849 6817

081 218 3048

ronel@gkbenoni.co.za

DAGBOEK VIR VIR DIE WEEK

2

DAG	AKTIWITEIT	LOKAAL	TYD
So. 5/06	Gebedskamer	Donsie Krüger	Ou Moederskamer
	Peutersorg 2-4 jaar	Anneke Salomons	Kerkhuis
	Katkisasie Gr1 - 7	Adri van Tonder	Underskeie lokale
	Katkisasie Gr 8-11	Adri van Tonder	Underskeie lokale
Ma. 6/06	Bybelstudie Rynpark 5	Adri Goede	Rynpark 5
	Volwasse Kategese	Louis Buys	Kerkhuis
Do. 9/06	DUST (hoërskooljeug bybelstudie)		Sitkamer
Vry. 10/06	Gebedsgroep	Donsie Krüger	Konsistorie
	Manne byeenkoms	Schalk van Eeden	Kerksaal
	Bybelstudie	Braam Krüger	Konsistorie

BELANGRIKE DATUMS

- ◆ 12 Mei Terugvoer oor Lesotho-uitreik wat in Maart plaasgevind het.
- 24 Julie Evangeliseringsdag - "Uitgedaag om te getuig" - Veronica vd Wateren 084 247 2321
of Lenie Venter 083 457 8861

GEBEDSVERSOEK

Emeritus predikant ds Flip Buys vetrek die 9de Julie op 'n sendingsreis na Suis-Oos Asië, waar hy 'n lesing gaan gee by 'n seminar, deel neem aan 'n televisie-program in Indonesië en 'n inter-nasionale konsultasie oor predikants-opleiding in die Gereformeerde Kerke in Bangkok.
Ons bid hom 'n veilige & Geesvervulde reis toe.

DIENSBEURTE:

OUDERLING aan diens:

VANDAG: Flippie Opperman

10 Junie: Pieter du Plessis

TEESKINK:

VANDAG: Wyk F30 olv Chris & Sanet v Krieken

10 Junie : Wyk A5 olv Jaap & Dorene Smit

SUSTERSAKSIE

AANDAG ALLE JAGTERS.

Die susters is besig om 'n biltongfees vir Vrydag 19de Augustus te beplan.

As daar iemand is wat 'n bokkie of twee, of wildsbiltong en droeë wors kan skenk, of 'n donasie vir aankope, sal dit baie waardeer word. Kaartjies vir die biltongfees sal binnekort beskikbaar wees.

Gee solank julle name op.

Kontak asb. vir Donsie Krüger 084 627 2393 of Ina van Eeden 072 401 2138

KOLLEKTES:

Kollektes 29 Mei 2016:

Diens van Barmhartigheid : R 6248.40

Thusofonds : R 1925.50

Jeugfonds : R 133.00

Vandag:

Onder die diens : Barmhartigheid

Buite deure: Bystansfonds Diakonie

Volgende week:

Streeksinode Sustentasiefonds

EVANGELISERINGS- AKSIE

SONDAG 24 JULIE:

"UITGEDAAG OM TE GETUIG".

Hierdie dag wil ons wy aan ons hele gemeente se fokus op ons Missionale roeping. Deur middel van die prediking, toerustings en blootstelling wil ons elkeen herinner aan God se groot missie vir Sy kerk.

Daar gaan baie ander kerke en evangeliserings-organisasies wees wat deur middel van uitstallings in die saal ons gaan wys wat hul reeds doen in Benoni en omgewing. Die uiteindelijke doel is om vanuit ons gemeente saam te werk met projekte wat reeds in ons omgewing aan die gang is.

Verdere inligting volg nader aan die datum.

Vir navrae kontak asb vir:

Veronica van der Wateren by 084 247 2321 of Lenie Venter by 083 457 8861.

KOINONIA- AKSIE

BANKIE- OPKNAP EN -BOU PROJEK

SAT 30 JULIE VANAF 08:00

Dit is weer tyd vir die houtbankies op die grasperk om opgeknop en geveer te word, en moontlik 'n nuwe plastiekhoutbankie te bou. Die einddoel van hierdie projek is om al die huidige bankies met plastiekbankies te vervang. Die dames kan ook deel wees van die oggend se bedrywighede deur in die kombuis te help met die voorbereiding van die kos.

Dit is 'n geleentheid om mekaar beter te leer ken, nuwe vaardighede aan te leer, en die koinonia te versterk onder mekaar.

As jy wil deel wees van hierdie projek, of 'n donasie wil maak vir die aankoop van die plastiekhout, of eetgoed, kontak Stefan Coetzee asb.
083 785 2713

Vir 'n gemeente om finansiële te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op Vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

BANKBESONDERHEDE:

BANK : ABSA
TJEK REK : 220 304 333
VERWYS : Volle Naam, Van & Doel



Deur kollekte



Barmhartigheid

VERJAARSDAE 5-11 Junie 3

Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag en in die komende week verjaar.

DAG	NAAM	KONTAK NR.
So. 5/06	Fanie du Toit Danike Vos #	076 572 9649
Ma. 6/06	Piet MacKay ** Andries Naude Rita Pretorius	083 307 6907 082 846 7658
Wo. 7/06	Ben Laubscher	083 660 5123
Do. 9/06	Ronald Emmerson Karli van den Berg #	082 550 3285
Vr. 10/06	Adriaan Damons Leané Flies # Adri Kamfer Ella Steyn	083 448 5163 084 718 7901
(# doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (***) 90 ≤ 95		

Verlede week 29 Mei se 2016 antwoord:

Genesis 34: 1

“**Dina**, die dogter wat deur Lea vir Jakob in die wêreld gebring is, het op 'n keer gaan kuier by die dogters van die omgewing.”

Die volgende lesers het korrekte antwoorde ingestuur:

Chrissie Pretorius; **Jana Alberts**; Gerda de Jager; Jan Lubbe; **Martie Gibson**; Una Steyn

Hierdie week: Bybelvasvra

Job het voor en na sy beproewing weer ewe veel kinders gehad.

Vraag: Hoeveel seuns en hoeveel dogters het Job gehad?

Lees gerus jou Bybel en noem hoeveel seuns en dogters Job in elke situasie gehad het en SMS dit met jou Naam en Van na 082 873 3173.

BYBELVASVRA

Mag elkeen

welklik die liefde

van God hierdie

TERUGVOER VANAF DIE KERKRAAD VERGADERING VAN 4 MEI 2016

4

1. **Werkstuk Oor Tiendes en Dankoffers:** Ds Buys het die stuk opgestel (bygewerk van skrywe deur dr J. Pretorius) waarin die hele aspek van die "tiendes" aangespreek word. Die saak word na die strategiese DG verwys om die praktiese implementering van die beginsels te ondersoek.
2. **Sinode Besluit 2016 - Vrou in die Amp.** Die Klassis is skriftelik ingelig oor die kerkraad se standpunt in die verband. Daar is nog 'n paar sake wat deur die werkgroep verder ondersoek moet word, soos die beswaarskrif wat opgestel moet word.
3. **Kleuterskool:** Die bou van die kleuterskool is voltooi en die totale kostes het R 1 156 857.06 beloop wat binne die goedgekeurde begroting van R 1.2 m was. Die moontlikheid om dakgeute aan te bring word nog ondersoek.
4. **Rook op die Kerkterrein:** Hierdie aspek het wetlike implikasies en die kerkraad het besluit om alles in sy vermoë te doen om binne die voorskrifte van die wet te bly. Die wet is voorskriftelik in ten opsigte van die kerkgebou, saal, Victus Christi gebou, kleuterskool, kerkhuus, en areas binne 10 meter daarvan af. Daar is besluit dat die nodige tekens aangebring moet word soos die wet dit vereis. Daar is ook besluit dat daar in gesprek getree moet word met die rokers om hulle gevoel te toets oor die moontlike implementering van 'n spesifieke afgebakende rookarea op die terrein, in so 'n mate dat dit nie die koinonia van die gemeente nadelig beïnvloed nie. Die Ko-ordinering DG moet tydens die volgende vergadering terugvoer aan die kerkraad gee in die verband.
5. **Finansies.** Daar is R 185,954 beskikbaar in die kerkkas, en R 107,774 beskikbaar in die boufondsrekening. Die dankoffers vir die jaar tot datum is effens meer was as wat verwag was in die begroting. Ons bedank die lidmate wat so getrou hul bydraes gee aan aanpas
6. **Eiendom in Actonville.** Die Ebenezer gemeente wat tans die gebou gebruik, het ons versoek om te oorweeg om die gebou aan hulle te verkoop. 'n Werkgroep is aangestel om die saak te ondersoek en tydens die volgende kerkraadsvergadering terug te rapporteer. Die groep bestaan uit: Evert Bolt (sameroeper) 'n verteenwoordiger van: Finansies en Eiendomme DG, Evangelisasie DG, Strategiese DG, die wyksouderling en ds Louis Buys.
7. **Oprigting van 'n Sellulêre Kommunikasie Toring:** Daar is 'n versoek van C&S Leasing Consultants ontvang waarin hulle toestemming vra dat so 'n tooring op ons perseel opgerig word. Hierdie versoek is in beginsel goedgekeur. Die Bou DG sowel as die Finansies DG moet die saak verder ondersoek.
8. **Barmhartigheid Diensgroep.** Die diensgroep verskaf tans maandeliks hulp aan 21 gesinne en aan vyf van ons bejaarde lidmate. Die fondse wat deur die DG ingekry word wissel maandeliks. Op hierdie stadium is daar nog vol-doende fondse om in die behoeftes te voorsien. Ons bedank die lidmate wat bydraes hiervoor maak hartlik. Kommer word ook uitgespreek dat daar min geestelike groei is by sommige van hierdie lidmate. Dit sal met die onderskeie wyksouderlinge opgeneem word. **Daar word ook nog dringend gesoek na lidmate wat bereid is om met hierdie dienswerk te help.** Lidmate kan met Hettie Viljoen (083 628 9508) in die verband skakel.
9. **Kinderhuis Diensgroep.** Die Golfdag DG beplan weer die jaarlikse golfdag in Oktober. Die golfdag sal in die toekoms bekend staan as die President Kruger Kinderhuis-golfdag. Daardeur beoog die DG om groter borge te kry omdat maatskappye dan belasting voordeel daaruit kan kry.
10. **Orkes.** Dorel Weideman het laat blyk dat hy moontlik beskikbaar sal wees om as DG leier op te tree vir SLAK. Die kerkraad is baie dankbaar daarvoor en hy word ter approbasie geroep as DG leier.
11. **Huweliksverrykingkursus.** Arnold Mol en sy vrou gaan DV 'n huweliksverrykings seminaar op 3-5 Junie by ons gemeente aanbied. Die saak is verwys na die Aksies- en Toerusting Diensgroepe om die saak verder te ondersoek. Hulle moet dan aan die kerkraad terug rapporteer.
12. **Voorstelle vir die Implementering van die Kairos Bybelstudieprogram van 2015.** Wyk B7 het sekere voorstelle gemaak rakende die implimentering daarvan in die praktyk. Die skrywe word na die Strategiese DG verwys vir verdere ondersoek.
13. **Toekoms van die Hartklop.** Chrismari Kleynhans het bedank as redaktrise van die Hartklop. Die kerkraad het besluit dat daar op die stadium nie voortgegaan moet word met die uitgee van die publikasie nie omdat kommunikasie voldoende deur die Polsslug en elektroniese media geskied.
14. **Versoek van NG Gemeente Jubilate.** Daar is 'n versoek van die gemeente ontvang om ons kerkgebou vir hulle aanddienste te gebruik totdat hulle gebou voltooi is. Die versoek is goedgekeur.